**Reeks:** Groeiende Vryheid Van
**Titel:** ... onvergewensgesindheid
**Prediker:** Johan Geyser
**Datum:** 24 April 2013

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

---

Goeiemôre, vriende. Ons is besig om te groei in vryheid, en vanmôre vryheid van ons verlede en ons pyn, faktore wat ons kan weerhou daarvan om ten volle te kan lewe, want in hierdie lewe gaan ons tenagekom word. In hierdie lewe gaan daar op een of ander tyd 'n gebrek wees aan liefde wat ons nodig het. Ons gaan dalk deel in die grootste en wreedste stuk werklikheid van hierdie lewe: verwerping. En die vraag is, wat doen ons met dit?

Wat doen ons met hierdie pyn? Wat doen ons met hierdie goed wat met my gebeur het, met die bitterheid, met die woede, met die teleurstelling, met die verwyt, met die onvergewensgesindheid waarmee ek lewe? Jesus sê, vergewe. Om vanmôre hierdie gesprek in te lei gaan ons met... 'n onderhoud voer met Johan. Johan Ferreira is ons hoof van ons sielkundige dienste in die gemeente. En om mee te begin, Johan, kan jy miskien jou definisie van vergifnis met ons deel? Wat sal jy sê is vergifnis?

JF Om vergifnis te kan verstaan moet ons weet wat gebeur as mense met onvergifnis leef. Nou, onvergifnis is as jy jou pyn en jou seekry opdam en jy hou dit vir jouself, en dit groei, en jy koester dit naderhand na aan jou hart. Dit word naderhand kosbaar, 'n baie negatiewe element wat kosbaar word. So, vanuit daardie perspektief is vergifnis dan nou die teenoorgestelde. Dis die laat gaan, dis die vrylating, dis die wegstuur van jou pyn, 'n aktiewe proses.

JG Okay, en dit klink asof jy sê dis 'n proses waaraan ek moet deelneem om dit wat met my gebeur het en my interpretasie van dit wat gebeur het wat vir my pyn veroorsaak uiteindelik te laat gaan.

JF Dis maar wat ons baie in ons praktyk sien, is dat mense oor jare so vasgehou het aan hulle pyn dat hulle eintlik in ontkenning leef daarvan. Hulle verloor 'n bewussyn dat daar eintlik groot hartseer en pyn in hulle lewe is, so


**© 2013 Mosaïek**

mosaïek

daniellestraat, fairland 2030 ◆ posbus 1658, fairland 2030 ◆ t: 011 268 4700 ◆ f:011 268 4800 ◆ info@mosaiek.com ◆ www.mosaiek.com

die eerste stap is dan erkenning daarvan. Ek erken aan myself dat ek pyn en seerkry beleef, en dan moet ek herken wat die pyn is, wat dan natuurlik na 'n reeks van emosies toe lei. Maar sonder die herkenning, die feit dat daar iets is, sit ek maar vas met die pyn, en die kleur en dit geur naderhand my hele lewe.

JG Miskien net voordat ons meer oor die proses praat, hierdie... die effek van hierdie pyn waarmee ek loop, hoekom is dit so belangrik om dit te laat gaan?

JF Omdat pyn so 'n groot definieerder in ons lewe is. As iemand iets aan jou gedoen het of 'n groep mense het iets aan jou gedoen, of jy voel dat die regering iets aan jou gedoen het, veroorsaak dit dat daar 'n kombers van pyn bo-oor jou lewe gaan lê, en dis deur daardie filter wat jy dan alles beleef, so iemand kan met jou gesels, dit beïnvloed hoe jy hulle hoor. Dit beïnvloed jou verhoudings.

As jy verhoudingspyn beleef het kan dit veroorsaak dat jy vir die res van jou lewe sonder 'n verhouding bly, of dat jy daardie pyn die heeltyd projekteer in die verhouding in wat jy tans het, wat moontlik niks met daardie individu te doen het nie. So dis maar 'n... dis maar 'n pyn wat so half vryvloeiend deur jou lewe begin loop, en dit hang nou maar af van jou persoonlikheidstyl hoe jy dit uitleef. Sommige mense onttrek, ander mense raak aggressief, ander mense raak depressief, en sonder dat hulle dit gaan identifiseer kan jy eintlik niks daaraan doen nie.

JG So dit klink vir my jy sê dit affekteer jou gemoed, dit affekteer jou identiteit; hoe jy na jouself kyk, dit affekteer sosiaal jou verhoudings met ander mense.

JF Ja, dit affekteer ook jou liggaam. Dit kan êrens in jou liggaam gaan sit, enige van jou sensitiewe organe, jou hart, jou longe, jou vel, enige iets wat vir jou dan wys hier is 'n stuk seer, hier is 'n stuk besoedeling wat nog binne vassit in jou.

JG Ek onthou terwyl ek klas gekry het op universiteit het die professor eendag, toe hy met ons Matteus 18 behandel, gesê Jesus sê ons sal oorgegee word aan die pynigers as ons nie vergewe nie. En wat hierdie pyn


**© 2013 Mosaïek**

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

ookal behels, dit beteken dat dit baie onaangenaam gaan wees. Dit kan fisies, psigies, geestelike pyn wees waarmee jy lewe. En in Johannes 20:23 sê Jesus, as ons nie vergewe nie dan hou ons dit. En dit klink nou vir my wat jy nou in... uit 'n sielkundig perspektief beskryf, teologies is dit jy hou dit. Jy laat dit nie gaan nie, so dit lê in jou onderbewuste, in jou onbewussyn, en dit speel homself uit in alle fasette van jou lewe as jy met hierdie pyn rondloop.

JF En dit sal aanhoudend jou lewe versuur en jou lewe beïnvloed, totdat jy by die plek kom om te sê dit is daar, en dan volg daar nou 'n reeks van natuurlike emosies: woede, hartseer, ontkenning. Jy moet onthou dat jy... vergifnis moet jy oor en oor en oor doen. Dis maar soos 'n bouprojek. Jy beweeg vorentoe en dan loop jy jouself in iets vas. Dan moet jy eers terugkom, en dan moet jy weer 'n deel van die fondament regmaak, en dan kan jy weer vorentoe gaan, en dan moet jy weer terugkom, so dis 'n herhalende, voortdurende proses sodat jy uiteindelik by vergifnis en vryspraak kan uitkom.

JG Okay, so, Johan, die proses is ek moet erken dat ek tenagekom is en dat ek seer het, dat ek pyn het. Ek moet my pyn voel. Ek moet dit kan verbaliseer. Ek moet dit kan sien vir wat... ek dan kan ek... en dit kan woede wees, so dit kan goed wees dat 'n mens kwaad raak, en dan kom ek uiteindelik by 'n plek uit waar ek dit kan laat gaan en dit kan... en dit kan laat vryspreek. En jy sê dis ook nie net een keer nie.

JF Nee, baie mense, en in my opinie, baie Christene dink dat dit 'n gebeurtenis is. It's an event. Vergifnis is nie 'n gebeurtenis nie. Die erkenning van pyn, dit is baiekeer 'n gebeurtenis. Elke mens wat vandag hier sit het iets wat hulle iemand of 'n groep mense voor moet vergewe. Dis die gebeurtenis. Dis die herkenning. En as jy dit dan verbaliseer vir jouself of vir iemand anders dan is dit die eerste stap. Nou gaan daar 'n reeks van emosies volg, en ons moet maar kyk dat jy dit op 'n toepaslike plek, jy weet, met toepaslike mense sal uitleef.

JG Baie dankie, Johan. Vanmôre vier groot mites uit Matteus 18 waarmee ons dikwels sit as dit by vergifnis kom. Die eerste een is ek moet net hard genoeg probeer dan sal ek dit kan regkry, so die idee is dat dit iets is wat ek kan bereik, en dat ek in myself die vermoë het om te kan vergewe. En


**© 2013 Mosaïek**

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030 ◆ posbus 1658, fairland 2030 ◆ t: 011 268 4700 ◆ f:011 268 4800 ◆ info@mosaiek.com ◆ www.mosaiek.com

ons haal Matteus 18 aan deur juis te sê, maar daar sê Jesus as ek nie vergewe nie dan gaan God my nie vergewe nie. En dis wat Jesus geleer het in Matteus ses. Oor gebed kom Hy na een saak toe terug nadat Hy daaroor geleer het en sê, as julle mekaar nie van harte julle oortredinge vergewe nie dan gaan die Hemelse Vader julle ook nie vergewe nie, so ek het die... ek kan dit doen en ek moet dit doen.

As ons mooi luister na wat Jesus leer is daar 'n nuanse wat ons baie maklik kan mis. Jesus sê vergifnis is soos om skuld af te skryf. Hier is 'n koning. Hy het 'n dienskneg wat hom skuld, miljoene. Hierdie dienskneg sê, gee my net tyd. Die koning sê jy sal dit nooit kan terugbetaal, al het jy al die tyd in die wêreld. Ek skryf dit nou af. Ek vergewe jou nou. Hierdie dienskneg gaan, en hy gaan na een toe wat hom net 'n paar duisend skuld en hy sê, betaal my dadelik terug.

Wat gebeur hier? Hierdie persoon, hierdie dienskneg, het nooit die vergifnis ontvang wat aan hom gegee is nie. Hy het dit nooit beleef nie. Hy het dit nooit ervaar nie. Hy het dit nooit begryp, verstaan nie. En daarom het hy ook nie die vermoë gehad om hierdie ander persoon te kon vergewe nie. Kyk, hier is die realiteit, dat God die hele wêreld versoen het met homself deur die dood van Christus. Jesus het vir alle sondes betaal. Alle mense is vergewe, maar baie mense het nog nooit daardie vergifnis ervaar nie. Hulle het dit nog nooit ontvang nie. Hulle het dit nog nooit aanvaar nie, nog nooit begryp en besef nie, en saam met die konsekwensies van daardie besluit moet leef.

Hierdie gedeelte leer ons 'n paar goed omtrent onsself en vergifnis. Die eerste ding is dat ons dink dat tyd alles kan regmaak. Gee my net tyd. Hoeveel van ons voel nie, in 'n situasie, in 'n verhouding, veral, gee my net tyd. Baie mense sê ek gaan nou aan die verhouding werk. Ek is baie nuuskierig as iemand dit sê. Nou, hoe gaan jy daaraan werk? Wat gaan jy doen daaraan? Dit beteken vir baie mense kom ons gee dit net so bietjie tyd, maar tyd genees nie wonde nie. As jy die regte goed doen, dit het tyd nodig, kan daar genesing kom, maar tyd self gaan dit nie tot stand bring nie. Hierdie dienskneg het 'n skuld gehad van miljoene wat hy nooit in sy lewe sal kan afbetaal nie, en hy leef onder hierdie illusie en droom dat hy dink ek sal met tyd dit kan doen. Jy kan nie.


**© 2013 Mosaïek**

Die ander ding is dat ons dikwels pryse omruil. Hierdie dienskneg het natuurlik presies anderster om gevoel. Ons doen dit. Jy weet, wat mense aan my doen is miljoene. Wat ek aan God gedoen het, ja, ek is ook 'n sondaar, ek het ook 'n paar duisend rand skuld daarso. Ek het ook 'n wit leuentjie vertel, 'n paar, maar ek is nie 'n slegte mens nie. Ek is nie sleg sleg nie, soos almal maar. Sien, wat ons doen is ons dink dat ons skuld by God is klein en ander skuld ons baie. En die Here sê, nee, dis andersom. Jou skuld by God is groot, en voor jy nie dit kan besef nie gaan jy nie vergifnis kan beleef en ervaar nie, want waarvoor moet jy dan ervaar? Net soos by 'n mens moet ons die eerste stap na toe gaan om te erken, maar ek is... ek het Hom tenagekom.

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

Jy weet, en dit was een van die groot goed wat Israel, die mense, nie kon besef nie. Daarom stuur die Here vir hulle met woorde van die profete. Israel sit in ballingskap. Hulle is dikmond. Hulle sê, ons ouers het gesondig, jy weet, en die ou spreekwoord is hulle het groen druiwe geëet en nou sit ons met stomp tande. Hulle het drooggemaak en nou sit ons in ballingskap. Dis mos nie fair nie. Ons is okay. Ons is goed. En die Here sê vir die profeet Hosea, Hosea, trou hierdie sekswerker. Wat? Kan julle dink... die... doen... die predikant trou met 'n straatvrou.

Hy vat haar, hy is lief vir haar. Hy het kinders by haar, maar sy loop kort-kort weg, dan moet hy haar gaan haal op die straat. Dis erg vir hom. Hy het groot pyn. Weet jy wat noem hulle sy eerste kind? Nie Myne Nie. Ja, Luami [?]. Kan jy nou dink, nie myne nie. Kom hierso. Is dit ek? Ja, kom hierso, seun. Pa, hoekom is my naam Nie Myne Nie? Ons sal later daaroor praat, seun. Huh? Die volgende een kan dit nie meer vat nie, kan dit nie meer vat nie. Kom hierso. Wat kan pa nie meer vat nie? Ek sal later vir jou sê, seun, maar ek kan dit nie meer vat nie. Huh? Dis pyn, pyn.

En dan sê die Here vir hom, gaan vat om... gaan vat jou vrou terug. Hy sê, Here, hoekom? Ek kan nie meer nie. Hy sê, Hosea, ek wil hê jy moet voel wat Ek voel oor Israel. Weet jy wat doen Israel? Israel breek eg met my. Hulle loop ander agter gode aan. Maar dis nie hoe ons daarna kyk nie. Ons het 'n heel ander perspektief op ons lewe. Jy moet sien wie is jy, jou sonde. En weet jy wat tref my as ek die heiliges se verhale lees? Die diepe sondebewussyn waarmee hulle geleef het. Dis nie iets wat populêr is vandag


**© 2013 Mosaïek**

nie, nê? Nee man, moenie so negatief wees nie. Fokus op die positiewe goed. Maar ons kan nie net na die een kant toe gaan sonder om na die ander kant van die realiteit van ons lewens na toe te gaan nie. Daarom sê Paulus, ek is die grootste sondaar.

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

Ek lees hierdie week Teresa van Avila. Sy sê, ek ken nie 'n groter sondaar as ekself nie. En sy probeer nie spog daarmee nie. Dis die realiteit waarmee sy leef. Sy sê, ek ken my hart. Ek ken die selfgesentreerdheid van my lewe, en ek is 'n sondige mens. Diep in my wese is dit. Sien, die Evangelie, die goeie boodskap van Jesus Christus, deel met twee groot fundamentele uitdagings van menswees: ons trots en ons minderwaardigheid. Ons trots word aangespreek deur die feit dat ons 'n sondaar is, dat ek besef iets erg in my het verkeerd gegaan. En die tweede groot probleem waarmee ek sit is minderwaardigheid. Maar Hy het vir jou gesterf en jy is nou Sy kind. Jy het waarde.

En hierdie twee is dikwels direk... is twee kante van die muntstuk. Ons minderwaardigheid is direk gekoppel aan ons trots en ons trots aan ons minderwaardigheid. Ons kan nie een van hierdie aspekte of dimensies van ons bestaan aanspreek sonder die ander een nie. En daarom sê die Here, besef jy wat het jy gedoen? Besef jy wat verdien jy? Die ewige dood. Besef jy wat het Ek vir jou gegee? Ek spreek jou vry. Jy sal in jou lewe dit nie kan afwerk by My nie, maar ek skryf dit af. Die ewigheid is joune. Ek sal dit nooit weer ophaal nie. Jy is vergewe. As jy dit beleef en die genade van God is vir jou 'n realiteit dan sê jy, ek kan hierdie R50 laat gaan, ek kan hierdie R1,000 laat gaan, want dis niks teen wat ek van vrygespreek is nie.

Die tweede groot mite waarmee ons dikwels leef is dat wanneer ek vergewe dan sê ek die daad was nie so erg nie. Maar in hierdie gelykenis is vergifnis van miljoene en 'n vergifnis van 'n paar duisend dieselfde ding. Vergifnis het niks met die omvang van die saak te doen nie. Deur te vergewe sê ek nie eens... fel ek nie 'n oordeel oor wat jy gedoen het nie. Ek kyk nie meer na jou om dit reg te maak nie en ek verwag nie meer van jou om die skuld te betaal nie. Ek laat dit gaan en ek spreek jou vry daarvan.

As ek in 'n ongeluk was; jy het my been afgery, kan ek sit en ek kan na jou kyk, en ek kan verwag, kom maak my been reg. Vat my dokter toe. Betaal nou vir my want dis jou skuld. Jy het my tenagekom. Of ek kan op 'n plek


**© 2013 Mosaïek**

kom waar ek sê, nou vat ek verantwoordelikheid vir my gebreekte been. Dis nie my skuld nie, dis nie wat ek aan myself gedoen het nie, dis nie wat ek wil hê nie, maar ek kom nou uit die pad uit en ek kyk dat daar genesing in my kan kom. En dit is waaroor vergifnis gaan. En dit beteken nie dat as jy iemand vergewe het dat hy glad nie hoef ooit te betaal vir wat hy gedoen het nie.

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

Ek meen, Jesus vergewe die persoon aan die kruis wat langs Hom lê en Hy sê vir hom, vanaand gaan jy saam met My in die paradys wees. En daardie persoon het nie van die kruis afgeval en, woep, ek is vergewe, nou hoef ek nie te betaal vir wat ek gedoen het nie. Hy het doodgegaan op die kruis. Maar dis 'n baie belangrike ding om uit te maak in 'n mens se saak... in jou hart, dat is dit nodig, en moet daar aangegaan word, byvoorbeeld, met 'n regsproses? Moet daar? Aan die een kant beteken dit nie as daar kriminele dade was dat daar nou, omdat jy vergewe het, mag jy nie. Maar aan die ander kant beteken dit ook nie dat daar gaan moet word nie as jy vergewe het. Die enigste tyd wanneer jy kan aangaan met 'n proses as jy vergewe het.

Kyk, ek het gesien hoe mense dikwels probeer om die proses te laat doen wat net vergifnis kan doen. Hulle wil iemand laat betaal en hulle gee tien jaar, 15 van hulle lewe op, emosioneel, finansieël, alles. Dit raak die middelpunt van jou lewe, die regsgeding, en jou kwaliteit lewe is weg, net om daardie persoon te betaal, en dan dink hulle as ek dit reggekry het dan gaan ek vry wees, dan kan ek uiteindelik aangaan. En by die hofsaak sê hulle, ek... dankie tog dis nou verby, dan vind hulle uit dis nie verby nie, want 'n regsproses kan nie vergifnis ontvang nie.

Vergelding is nie vergifnis nie. Daar moet vergifnis kom, al is daar nie 'n regsproses of al is daar 'n regsproses. Dis heeltemal iets anderster waardeur jy moet gaan. Dit beteken ook nie dat as ek vergewe het dan kan die persoon maar enige iets doen nie. Jy weet, ons sit partykeer met soveel skuld dat daar moet dikwels grense kom in vergifnis. Ek kan jou vergewe as jy op my voet staan, maar dan klim jy af van my voet af. Jy bly nie op my voet staan en nou hou ek aan vergewe nie. Daar moet 'n grens kom. En dikwels in nabye verhoudings beteken dit ook dat daar nou 'n grens sal kom in hierdie proses waaraan ons nou werk.


**© 2013 Mosaïek**

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030 ◆ posbus 1658, fairland 2030 ◆ t: 011 268 4700 ◆ f:011 268 4800 ◆ info@mosaiek.com ◆ www.mosaiek.com

So vergifnis beteken nie ek keer die saak goed nie. Dit beteken nie... ook nie dat ek vergeet nie. Jy weet, in hierdie gelykenis het die koning glad nie vergeet wat hy afgeskryf het nie. Ons verwys dikwels na ander gedeeltes in die Bybel waar die Here sê dat ek nooit weer aan jou sonde sal dink nie. En dan sê ons, as ons regtig vergewe soos die Here dan vergeet ons ook. Dis soos... dis iets soos 'n goddelike geheueverlies waaraan jy begin te ly; ek kan dit nou nie meer onthou wat gebeur het nie, wat nie heeltemal so is nie.

Daar is twee probleme. Die een probleem is dat ons nie gedeeltes in die Bybel waar menslike gedrag aan God toegeskryf moet word letterlik so verstaan nie. As die Bybel sê Hy het Israel onthou dan beteken dit nie dat die Here eendag gesê het, wie is nou weer daardie groep Israeliete? Waar is hulle? Ek wonder hoe gaan dit met hulle. Dis glad nie wat die Bybel bedoel nie. Dis om op 'n menslike manier 'n misterie te probeer beskryf dat God op 'n dag besluit het nou gaan dit gebeur met Israel, en uit 'n menslike belewenis en ervaring sê ons dan God het onthou, maar dis nie dat Hy regtig onthou het nie.

Kyk, daar... dis die tweede groot probleem. Die Here is Here. Dis die probleem. Dit beteken, weet jy, die Here is nie baie intelligent nie. Partykeer dink ek ons onderskat Sy intelligensie. Jy weet, ons dink byvoorbeeld gebed is om Hom in te lig. Here, weet U wat gaan nou weer aan? Hy weet. Hy weet. Ek gee Hom raad. Here, ek dink die beste ding wat nou kan gebeur is as U dit doen en dit doen en dit doen. Hy is nie geaffronteer daarmee nie, maar weet jy wat, Hy weet wat om te doen. Hy is baie... en dis eintlik... dis eintlik 'n insult om te sê Hy is baie intelligent. Hy is intelligensie. Hy weet alles.

Ons weet nie hoe dit is nie. Hy weet alles. Daarom kan die Here nie iets leer nie, want Hy weet alles. Hy kan nie onthou nie, want Hy kan nie vergeet nie. Hy kan nie iets vergeet nie want Hy weet alles, jy weet, so ons is nie soos Hy nie. Ons moet onthou, want anderster kan ons nie leer nie. As ek nie kan onthou nie dan gaan ek nooit leer nie. Dis so belangrik. En gelukkig vergeet ons ook, nê, maar ons vergeet op 'n ander manier. Ons vergeet die pyn. Dis soos by die geboorte van 'n kind. Is julle nie bly vrouens kan nie lekker onthou nie, huh, anderster sou almal net een kind gehad het, huh?


**© 2013 Mosaïek**

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030 ◆ posbus 1658, fairland 2030 ◆ t: 011 268 4700 ◆ f:011 268 4800 ◆ info@mosaiek.com ◆ www.mosaiek.com

Maar dis ook so, ja, maar baie mans kan ook nie onthou nie. Daarom het ons drankprobleme, nê. As jy 'n goeie geheue gehad het was daar geen alkoholiste nie, want dis nie lekker om besope te wees nie. Maar hoekom kan jy nie onthou nie? Jy weet nou nie... dit is 24 uur terug, so ons het ook 'n probleem met hierdie ding. Maar om te vergeet beteken dat die emosionele, intense komponent van hierdie gebeure, die angel in hierdie gebeure word uitgehaal. So as ek nou nog steeds met baie groot pyn sit of met baie groot woede sit dan beteken dit dat jy nog steeds in die proses van vergifnis is.

Moenie dink ek het nie vergewe nie. Onthou, dis 'n proses. As die intensiteit nie meer so erg is nie, dit tiep jou nie meer so baie nie en dit vat nie meer twee, drie dae wat jy ontwrig is nie, die tydperk word korter, en dit tydperk wat jy herinner word, of dit weer met jou gebeur, is al hoe langer uitmekaar uit, is dit 'n baie goeie teken dat jy besig is om vordering te maak in die proses van vergifnis.

In die laaste plek, vergifnis beteken nie dat ek versoen nie. As vergifnis versoening is dan beteken dit dat ek nie met... dooie mense kan vergewe nie, want ek kan nie met hulle versoen nie. Dit beteken dat ek nie kan iemand vergewe wat my nie wil vergewe nie, of ek kan nie iemand vergewe wat nie wil erken en insien dat hy iets verkeerd gedoen het nie. En daar is van ons wat vanmôre op daardie plek vassit. Ek kan hom nie vergewe nie want hy wil nie erken hy het 'n fout gemaak nie. Vergifnis het nie iets te doen met sy gedrag nie. Dit het te doen met die pyn waarmee jy sit. Ek wil dit laat gaan, daarom kan ek daardie persoon vergewe.

As dit versoening is, dit is iets anderster. Dis 'n ideaal, maar dis nie iets waarby ons uit... Jesus het nie daarby uitgekom by almal nie. Hy kon nie versoening met Judas bewerkstellig nie. Paulus kon nie versoening met almal bewerkstellig nie. Ek dink so ons kan rustig wees. Dis baie moeilik vir baie van ons om te weet, maar jy is net 'n mens en jy is ook sondig. Jy gaan nie met almal kan versoen nie. En dis partykeer beter. Jy weet, wat gebeur het was so sleg. Gaan jou pad. Ek gaan my pad, maar ek vergewe jou en ek seën jou nou op jou pad. Maar ons hoef nie meer 'n lewe diep saam te deel met mekaar nie.


**© 2013 Mosaïek**

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

En daarom moet ons mooi dink aan konfrontasie ook. Versoening beteken nie altyd konfrontasie nie, want versoening... vergifnis, want versoening vra dit, maar vergifnis vra dit nie altyd nie. En ons moet wys wees. Jy weet, ek vertel u van iemand wat ek weet van gaan na haar ouers toe. Almal ontdek een of ander tyd in jou emosionele ontwikkeling dat jou ouers jou tenagekom het, want raai wat, hulle is mense. En wat gaan jy met jou kinders doen? Hulle ook lekker seermaak. Ons is mense. Ons kry nie die liefde wat ons altyd nodig het nie, en ons kan nie altyd die liefde gee wat nodig is nie omdat ons beperk is, omdat ons self gewond is.

Hierdie persoon het dit ontdek, gegaan, en haar ouers gekonfronteer om te probeer om closure te kry sodat sy kan aanbeweeg met haar lewe. Wat gebeur het is dat sy weer verwond is op haar ou wond. Die ouers het vir haar gesê jy is heeltemal verkeerd. Jy sien dit heeltemal verkeerd. En die storie van haar lewe is dat jy nooit aanvaar is nie en dat sy nooit erken is nie, en haar gevoelens was nooit aanvaar in die gesin in haar hele lewe nie, want sy wil dit word. Die ouers sê, nee, jy verstaan nie. Jy is dom. Jy moet dit word. En as sy oor enige iets...

En sy loop weg van die byeenkoms af en sy sê, hulle het nou weer vir my gesê ek is verkeerd. Hulle het my nou weer misken, en dit bring ‘n groter wig tussen haar en haar ouers. Haar ouers het emosioneel nie ontwikkel nie. Hulle het stil gaan staan. Hulle kon nie na die plek toe gaan om na hulleself te kyk en hulle eie wonde en hulle eie seer in die gesig te staar nie. En dis nie jou taak as ‘n kind om jou ouers te mishandel nie. Jy kan hulle daardie spasie gee, en jy hoef nie, om aan te beweeg met jou lewe, dit reg te maak. Hulle hoef niks reg te maak met jou nie. Jy moet hulle vergewe en laat hulle gaan. Laat hulle gaan en seën hulle. Jesus het gesê ek vergewe hulle. Hulle weet nie wat hulle gedoen het nie.

En daar is ‘n groot onbewussyn wat by baie mense bestaan, en dis nie jou taak om te versoen of hulle te red en tot verheldering te bring nie. En dit kan ‘n baie moeilike ding wees om te aanvaar. Beweeg aan. So, waar is jy vanmôre? Is jy dalk op die plek waar jy net sê, ek moet God se vergifnis ervaar? Ek wil jou vra of jy regtig al ooit ‘n sondebesef en ‘n sondeberou gehad het in jou lewe. Of voel jy regtig nou, ek praat nou van genuine, ja, ek


**© 2013 Mosaïek**

het foute gemaak en so, maar jy het nie regtig 'n diepe... dis miljoene, dis groot, ek gaan hel toe? Het jy dit al ooit gehad in jou lewe? Het jy al ooit die wonderlike vryspraak beleef van God, Sy genade, wat vir jou sê, Ek het jou lief ten spyte wat jy gedoen het en Ek spreek jou vry? Dis groot.

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

Ek wil jou uitdaag, as jy dit nie gehad het nie, om vir die volgende maand elke oggend, elke aand, te bid en te vra, Here, maak asseblief my oë oop om my sonde te sien. Hy wil. Dis die werk van die Heilige Gees om jou te oortuig en jou insig te laat kry. Geen bewyse van enige iemand anderster gaan jou oortuig dat jy 'n sondaar is nie, maar die Heilige Gees kan. Vra Hom dit en beleef daardie wonderlike vryspraak.

Is jy dalk op 'n plek waar jy nie wil erken nie? Jy weet, baie wil nie erken nie. Ek sien dit dikwels waar daar ontrouheid in 'n verhouding is. Die vrou is so geskok en sy is so bang oor haar toekoms en wat met haar moet gaan gebeur dat sy vergewe nie. Sy verskoon haar lewensmaat oombliklik. Sy noem dit vergifnis, maar sy verskoon hom net. Die probleem is jy hardloop en jy hanteer nie pyn deur dit te ontken nie. En dis dalk 'n baie goeie ding dat jy kwaad moet word, want dan ervaar jy die onreg en die pyn wat aan jou gedoen is.

En ek kan jou uitnooi, jy weet, om na daardie plek toe te gaan en die seer te explore wat in jou is. Jy moet dit voel. As jy dit nie voel nie het jy niks om voor te vergewe nie, en hoe groter die pyn hoe groter die vergifnis. Skryf 'n brief vir daardie persoon. Moet hom net nie pos nie. Skryf 'n brief vir daardie persoon. Sit presies wat jy dink en wat jy voel en wat gedoen is aan jou. Jy objektiveer dit op daardie manier. Hier is van ons wat 'n brief aan onsself moet skryf. Jy verwyt jouself lank genoeg. Jy verwyt jouself. Weet jy wat doen ons as ons onsself nie kan vergewe nie? Ons sê die bloed van Christus is genoeg vir die Vader, maar dis nie genoeg vir my nie. Kan jy die trots en die hoogmoed in jou daad besef en sien? Dis genoeg vir die Vader, en dis tyd om dit te laat gaan, daardie woede wat teen jouself gerig is.

Miskien is jy net op 'n plek waar jy moet... ek is deur die pyn. Ek het nou genoeg movies gemaak. Ek is genoeg oor en oor oor wat gebeur het, en ek het al gesê ek vergewe, maar dis... ek is nog nie heel klaar met die proses nie. Vanmôre kan jy weer 'n stap neem. Vandag is u dalk vir die eerste keer reg


**© 2013 Mosaïek**

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030 ◆ posbus 1658, fairland 2030 ◆ t: 011 268 4700 ◆ f:011 268 4800 ◆ info@mosaiek.com ◆ www.mosaiek.com

om daardie stap te neem en te sê, nou laat ek dit gaan. Ek skryf nou. Ek kyk nie meer na daardie persoon om dit reg te maak nie. Ek gee dit vir God. God is die regverdige regter. Romeinse 12 sê, aan My kom die wraak toe. Moenie jy probeer wraak uitoefen nie. God sê Hy sal kyk dat regverdigheid geskied. Ek vergewe dit nou. Ek laat dit gaan.

Ons het 'n paar vure wat hier buite brand, konkas. Daar was 'n briefie in die notas wat jy ontvang het vanoggend wat jy kan gebruik, 'n oop stuk, skoon stuk papier, en jy kan skryf, miskien woorde, miskien net 'n gebeurtenis, en jy kan dit na die diens vat na daardie vuur toe. Jy weet, Hebreërs sê, die Here is 'n verterende vuur. Jy weet, Hy is liefde, maar Hy is 'n verterende vuur, en jy kan kyk hoe daardie pyn wat jy geobjektiveer het wat jy nou daar vat, jy sit dit buite jouself en jy sit dit in Sy vuur dat dit verbrand, dat dit gaan. En jy kan ervaar hoe al daardie pyn, daardie teneergedruktheid, daardie swaarmoedigheid, daardie verkeerdheid waarmee jy leef in Hom gaan, net gaan, verbrand. Dis 'n proses. Dis 'n pad. As jy dit vanmôre... hierdie ritueel aan deelneem met 'n intensie en met 'n geloof kan jy vanmôre groot stappe vorentoe neem.

Ek wil afsluit met iets wat ek nou onthou, jare terug, jare terug. Een van my onderwysers vergewe sy pa wat dood is wat hom onterf het omdat hy 'n Apostolie geword het. En dit het diep gaan sit in hom. Dit het hom so seergemaak. En daardie aand toe hy vergewe toe maak hy sy hande oop en toe haal hy sy ring van sy vinger af vir die eerste keer in 13 jaar. Hy het arthiritis begin kry en sy hande het so inmekaar getrek. En toe hy vergewe, op daardie oomblik, toe gaan sy hande oop en hy ontvang 'n fisiese genesing en 'n groot innerlike bevryding van die wrok wat hy nooit wou erken nie, wat hy in sy hart gedra het teenoor sy pa.

Kom ons sluit af. Vader, ons dank U dat ons vanmôre so kan saam wees. Ons dank U wat 'n woord is vir 'n lig vir ons pad. U ken almal van ons. U weet hoe ons tenagekom is, wat met ons gebeur het in ons lewens, en ons besef dis deel van ons lewens, en ons besef U nooi ons uit om te vergewe, om soos U te word, om liefde te beleef en liefde te ervaar, om nie bitter te word nie maar beter te word. Help ons vanmôre. Help ons vanmôre met die stap wat ons nou moet neem dat ons net kan vorentoe gaan, dat ons kan groei in die vryheid wat U vir ons bring en gee, in Jesus se naam, amen.


**© 2013 Mosaïek**

Mag jy in die week wat voorlê die genade van die Here Jesus beleef en ervaar, amen.

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com


**© 2013 Mosaïek**